



04 MAART 2022

HOËR VOLKSKOOL OUERS / VOOGDE

Ons eeufeesjaar het vinnig begin en snel reeds voort in die derde maand van die jaar. Ek vertrou dat dit goed gaan met almal. Dit is belangrik om iewers tot stilstand te kom. Dan kan ons besluit wat werklik belangrik is in die lewe. Ons tyd en energie kan maklik opgeneem word deur aktiwiteite wat nie kosbare waarde toevoeg tot die lewe nie.

1. **Akademie :**

Die belangrikste rede vir die bestaansreg van enige skool is om akademiese vordering van die leerders as 'n geleentheid aan hulle te bied. Ons mini eksamenreeks begin Donderdag, 10 Maart 2022 en eindig op Woensdag, 23 Maart 2022. 'n Beroep word op die ouers / voogde gedoen om die leerders te ondersteun en aan te moedig om goed voor te berei vir elke vraestel. Die punte wat behaal word is nie net belangrik vir hierdie kwartaal nie, maar ook vir die jaarpunt en bevordering aan die einde van die jaar. Die goue draad van sukses begin dus nou reeds en loop deur tot aan die einde van 2022. Leerders moet nie afwesig wees tydens die mini eksamenreeks nie. 'n Leerder kan slegs 'n afwesig kry indien daar 'n ernstige noodgeval is en 'n mediese sertifikaat aangebied kan word.

2. **Nie akademiese aktiwiteite :**

'n Vol program op kulturele, sport en sosiale gebied word gevolg van die begin van die jaar af. Daar word druk geplaas op die tyd van sommige van ons leerders wat aan 'n verskeidenheid aktiwiteite deelneem. Dit is belangrik om oordeelkundig te besluit aan watter aktiwiteite met toewyding deelgeneem kan word. Die skool sal altyd deelname aan nie akademiese aktiwiteite aanmoedig, maar nie ten koste van akademiese aktiwiteite nie. Prestasies wat op kultuur- en sportgebied gelewer word, is tot voordeel van die skool, maar veral tot voordeel van die leerder.

3. **Dissipline :**

Die hoeksteen van enige suksesvolle organisasie word gelê deur opbouende dissipline. 'n Beroep word op ons ouers en voogde gedoen om die skool by te staan in die toepassing van dissipline. Dit is soms baie moeilik om leerders te straf, maar omdat ons weet dat dit die regte ding is om te doen moet ons nooit van dit afwyk nie. Hoër Volksskool en Huis Cronjé het duidelike gedragskodes wat regverdig toegepas word. "Dissipline met deernis" is die wagwoord.

4. **'n Laaste opmerking :**

Ons is 'n wenspan in ons eeufeesjaar. Samewerking en ondersteuning is die sleutel tot sukses. Ek plaas my volle vertroue in my Hemelse Vader. Elke mens het 'n keuse oor waar hy of sy hulle Krag vandaan kry.

Volksskoolgroete.

J. J. Dörfling
J T DÖRFLING
SKOOLHOOF

